

**26 Februarie**

**Skrifgedeelte: Jeremia 24**

**Bekeer my Here dan sal ek my tot U bekeer**

Jeremia sien twee mandjies vye wat die hele volk van die Here voorstel. Die een mandjie, met slegte vye wat nie geëet kan word nie, is die mense in ballingskap wat in ballingskap gaan bly. Die ander mandjie, met die goeie vye, is die wat ook in ballingskap is, maar in wie se harte die Heilige Gees bekering en geloof werk en wat hulle tot die Here bekeer. Dit is hulle wat dan teruggebring word na die land van belofte. Hulle kon hulself nie bekeer nie, maar die uitverkiesende genade van God werk deur die Heilige Gees die bekering en geloof in hulle harte. Alleen wanneer die Here hulle bekeer kan hulle hul tot die Hom bekeer. Elkeen wie se naam in die Boek van die lewe geskrywe staan en wat aan Jesus Christus behoort – selfs die wat in die verste ballingskap en slawerny van die sonde verkeer – word weer deur die Woord en Gees versamel, teruggebring en as geseëndes in die land van belofte gevestig. Aan hulle word weer van nuuts af die ewige verbond van God verkondig: dat Hy vir hulle 'n God en hulle vir Hom 'n volk sal wees. God hou sy verbond self vir ewig in stand en laat vaar nooit die werke van sy hande nie. Nie een van die wat Hy tot die ewige lewe uitverkies het en aan wie die ewige saligheid behoort, sal verlore gaan nie.

*Sing: Skrifberyming 14:1*

*Ds DL de Beer (Emeritus)*